## VAN DIE REDAKSIE

Weens stygende drukkoste het die Hoofbestuur van die Historiese Genootskap besluit om vanaf begin 1974 slegs twee uitgawes per jaar van Historia uit te bring. Die lesers word bedank vir hulle lojaliteit en uitgenooi om bydraes vir oorweging aan die Redaksie voor te lê. Die Redaksie sit sy beleid van die verlede voort om artikels van wetenskaplike en opvoedkundige aard te plaas sodat HISTORIA 'n breër publiek kan dien as net 'n klein wetenskaplike kring. Die Historiese Genootskap beoog om deur middel van sy blad 'n historiese besef te bevorder. Hy wil nie net diens aan akademiese kringe lewer nie maar ook leiding aan Geskiedenisonderwysers gee. Hulle word uitgenooi om die resultate van hulle navorsing oor die metodiek van die Geskiedenisonderrig en inligtingstukke wat as agtergrond-materiaal vir die inhoudelike onderrig volgens die nuwe leergange aan die Redaksie voor te lê. Opstelle wat wetenswaardighede oor historiese gebeurtenisse en plekke bevat sal verwelkom word. Wanneer nodig sal die Redaksie graag belangrike dokumente publiseer.